Dinsdag 26 Mei

Skrifgedeelte: Lukas 14:25-33 (AFR33/53)

Fokusgedeelte: Lukas 14:26

Uit genade word ons gemaan om die koste van dissipelskap te bereken

Christus was op hierdie stadium omring deur baie mense wat graag na sy preke geluister het. Hulle was daar omdat hulle ’n sekere verlossing verwag het. Hulle het ’n sekere Verlosser verwag. Nou gee Jesus vir hulle die realiteite in onvergeetlike terme wat die koste daarvan is om ’n dissipel te wees. As hulle mooi geluister het, en werklik volgers van Christus was, sou hulle besef dat dit hulle baie sou kos om Christus te volg.

Christus se opening moes sekerlik ’n skok wees vir almal (vs 26). Sommige mense probeer die teks gebruik om Jesus as ’n monster uit te beeld. Die haat waarvan Jesus praat, is wel nie ongekwalifiseerd nie. Hy kan tog nie aan die een kant beveel dat ons ons ouers moet eer en aan die ander kant dat ons hulle moet haat nie. Hy kan ook nie beveel dat mans hulle vrouens moet liefhê, en dan ook dat hulle hul vroue moet haat nie.

Dit gaan hier nie soseer daaroor dat ons ander moet haat nie. Dit gaan oor ons liefde vir Jesus. Ons liefde vir Hom moet so groot wees dat ons liefde vir onsself en ons naaste baie klein lyk in vergelyking. Alles moet ondergeskik aan ons liefde vir ons Verlosser wees. Selfs ons eie lewe. Dit is die koste van dissipelskap.

Daar is ’n rede dat Jesus sê ons moet ons kruis opneem en Hom volg. Die kruis wys na lyding. Dit wys na selfopoffering. Tog kan ons nie anders wanneer ons weet wat Jesus vir ons aan die kruis gedoen het nie! Dan verdien Hy ons eerste liefde. Dan verdien Hy dat ons onsself neerlê as ’n welgevallige offer. Hê Jesus so lief dat jou liefde vir alles anders lyk soos haat. Volg Hom met jou hele hart, siel en verstand!

*Sing: Psalm 40-1:2, 4*

*Ds. W (Werner) Brotherton (Heidelberg, Gauteng)*